

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Advertensies
- Ander nuus



## VOORBLAD

### Geloftedagviering in die Kerkorde

In die Kerkorde van die Hervormde Kerk word onder Ordinansie 5 bepaal dat die prediking kerklik gerig word deur besondere dae, en dat, ten opsigte van Geloftedagviering, 'n dankdiens op 16 Desember of die Sondag die naaste daaraan gehou sal word.

Die Kerkorde bepaal ook dat die prediking plaasvind uit die Heilige Skrif, onder leiding van die Heilige Gees, en dat Geloftefeeste geleenthede is vir openbare Woordverkondiging. Dit word onderskei van die amptelike erediens en die georganiseerde apostolaat.

Die Kerk sien hom ten nouste betrokke by die saak van die Gelofte van 1838, en het dus die saak uitgemaak dat die Gelofte wat deur die Voortrekkers voor die slag van Bloedrivier afgelê is, voldoen aan die vereistes vir 'n gelofte voor en aan God soos wat dit in die Bybel aangetref word. Vanuit die Bybel is dit duidelik dat 'n gelofte voor en aan God 'n gewigtige en ernstige aangeleentheid is (vgl byvoorbeeld Pred 5: 1-4 en Ps 76: 12). Die vraag is of dit deur genl Andries Pretorius en sy burgers wat die Gelofte saamgestel en afgelê het, besef is. Dit blyk wel uit navorsing dat hulle die Skrifgegewens met eerbied bejeën en met kinderlike geloof benader het. Dit blyk veral uit die Gelofte self: *Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde...* Ook die feit dat hulle in die Gelofte nie net hulleself nie, maar ook hulle kinders en selfs die *...opkomende geslagte...* gebind het, het hulle vanuit die Skrif afgelei. Die Gelofte is dus nie gesien as net tydelik van aard nie, maar die binding en drakrag daarvan moes deur die toekomstige geslagte en almal wat hulle met daardie geslagte sou vereenselwig, aanvaar word.

Dat die Algemene Kerkvergadering dié reëlings rondom Geloftedagviering in die Kerkorde opgeneem het, beteken dat al die lidmate van die Kerk beskou word as behorende tot die *opkomende geslagte* en daarom ook gebind is deur die beloftes van die Gelofte.

As in die aanhef tot die Kerkorde alle *ampsdraers en lidmate opgeroep word om die Kerkorde te gehoorsaam*, geld dit ook die reëlings omtrent Geloftedagviering. Dit hou in dat alle ampsdraers, lidmate en hulle kinders, soos deur die vaderse belofte is, die dag as 'n *dankdag soos 'n sabbat sal deurbring om so die eer van God se Naam te verheerlik deur die roem en eer van die oorwinning van 16 Desember 1838 aan Hom te gee*. Ampsdraers het die verantwoordelikheid om toe te sien dat, waar daar nie openbare feesvieringe plaasvind nie, geleentheid vir 'n dankdiens op 16 Desember of die Sondag naaste daaraan in die eie kerkgebou geskep word. Waar daar openbare feesvieringe gereël word, behoort ampsdraers en lidmate daaraan ten volle deel te neem en ook daar invloed te laat geld dat getrou gebly sal word om die inhoud van die Geloftedagviering altyd in dankbaarheid en lofprysing aan die drie-enige God te laat geskied.

Prof Schalk Botha  
Emeritus

Die basisdokument vir hierdie e-Hervormer is die Kerknuusberigte wat op 3 Desember 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

## Kontakbesonderhede:

### Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -

[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Hervormer webwerf -

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer -

[www.hervormer.co.za/page03.html](http://www.hervormer.co.za/page03.html)

Hervormer LIG! -

[www.hervormer.co.za/page04.html](http://www.hervormer.co.za/page04.html)

## E-posadresse:

### Redaksie -

[epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za)

### Nuus en berigte -

[nuus@hervormer.co.za](mailto:nuus@hervormer.co.za)

## Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

## Teken in op e-Hervormer

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na

[epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za)

webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en

klik op die 'Teken in'-opsie.

## BEROEPE EN STANDPLASE

### Beroep ontvang

**Ds Louis Pienaar** is deur die kerkraad van Gemeente Pretoria benoem om gevangenes en dwelmverslaafdes in die Pretoria-omgewing te bearbei.

**Dr Adriaan Neele** (beroepafwagting) na die Nederlandssprekende gemeente Eben Haëzer in Pretoria (deelyds).

**Ds Pierre Roets** van Springs-Oos na Waterberg-Wes.

**Ds Gerhard Kruger** (beroepafwagting) na Krugersdorp-Wes (deelyds).

### Beroep aanvaar

**Prop André Harmzen** na Swartkop, opdrag bediening in die Verenigde Koninkryk.

**Ds Johann de Bruin** van Heilbron na Wonderboompoort.

**Ds Hennie Pretorius** van die Kuruman-kombinasie na Kimberley.

### Beroep bedank

**Ds André Thomas** van Welgelegen-Pietersburg na Wonderboompoort.



### Vakante standplaas: Amsterdam / Piet Retief / Pongola

Aansoeke word ingewag vir bogenoemde standplaas. Tans is daar 'n kombinasieooreenkoms tussen gemeentes Piet Retief en Amsterdam, asook 'n onlangs gesluite kombinasieooreenkoms tussen Piet Retief en Pongola ten einde 'n **volversorgde standplaas**, met doelmatige pastorie te Piet Retief, moontlik te maak. Die bedieningsarea sluit ongeveer 375 belydende lidmate van eweredige ouderdomsverspreiding in. Belangstellende leraars moet 'n gemotiveerde aansoek, besonderhede van referente, en 'n volledige CV verskaf. 'n Selfontledingsprofiel met vermelding van sterkpunte/ontwikkelingsareas en bedieningsvoorkeure/-afkeure sal ook op prys gestel word. Aansoeke moet die Beroepskommissie teen **Sondag 14 Desember** bereik, by Posbus 6, Piet Retief 2380 of [bcoetzee@twkagri.com](mailto:bcoetzee@twkagri.com). Kontak die skriba van Gemeente Piet Retief, Braam Coetzee, by dié e-posadres of by 082 877 2626.

### Vakante standplase

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) indien u uitgebreide inligting oor vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) wil plaas.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Chris Liebenberg** en sy gesin is op Sondag 23 November deur Gemeente Warmbad ontvang. Hy is by die geleentheid in sy standplaas bevestig en het sy intrepreek gelewer. Dr Daan van Wyk (sr), emeritus en voormalige predikant van Warmbad, het sedert die vertrek van ds Stephan Hoffman die prediking en krisispastoraat in die gemeente behartig.
- **Ds Frans Redelinghuys** en sy gesin is op Sondag 30 November deur Gemeente Oos-Londen ontvang. Nadat ds Redelinghuys in sy standplaas bevestig is, het hy sy intrepreek gelewer. Hy werk in 'n deelydsse hoedanigheid in die gemeente en sal ook sy eie beradingspraktyk behartig. Ds Frans se broer Thys is die vorige naweek deur Gemeente Roedtan ontvang.
- **Ds Hannes Janse van Rensburg** en sy gesin word op Sondag 18 Januarie deur Gemeente Zuurfontein ontvang. Hy was die afgelope twee jaar werksaam in Gemeente Oos-Moot.





- **Ds Rudi Schoeman** neem op Sondag 14 Desember afskeid van Gemeente Welkom nadat hy die afgelope vier jaar daar gewerk het. Hy het die beroep na Schweizer-Reneke aanvaar, en hy en sy gesin word op Sondag 18 Januarie deur hulle nuwe gemeente ontvang.
- **Prof Piet Geysers** sterk goed aan na sy onlangse operasie. Hy is tans verantwoordelik vir die volle bediening in Gemeente Pretoria-Oos na die emeritaataanvaarding van dr Hennie van Deventer.
- **Ds Thomas (Sparks) Joubert** van Swellendam se moeder is ernstig siek in die hospitaal na 'n operasie. Intussen trou ds Joubert eerskomende Saterdag 'n niggie van hom (juis die dogter wat Ouma se name het), en die volgende Saterdag sy eie seun. Dit is dus maar vir hulle familie 'n moeilike tyd, en die Kerk se meelewing word vir hulle gevra.



- Geluk aan die **predikante wat in Desember verjaar**: Drr Sanrie de Beer en Willem Smith (3 Desember); ds Kobus Venter (4 Desember); prof Theuns Dreyer (8 Desember); ds Thomas Dreyer (emeritus – 9 Desember); dr Gerhard Nel, di Johan Bezuidenhout en Daan Smit (11 Desember); di Haas van Rensburg en Martin Fouché (12 Desember); ds Johan du Preez (13 Desember); di Dederé Oosthuizen en Gawie Wolmarans (15 Desember); di Johan du Toit, Johann Marnewick, Martin Meyer en Charlene van der Merwe (16 Desember); ds Ogies du Plooy (18 Desember); ds Marius Venter (19 Desember); ds Peet Swanepoel (20 Desember); di Eddie Eckard en Carlien van der Merwe (28 Desember); di Flip Prinsloo, Piet van Staden en Rudi Schoeman (29 Desember); en dr Theuns Dreyer (31 Desember).

Die enigste predikant wat op 25 Desember verjaar het, was wyle dr PW Venter.

- By voorbaat ook geluk aan die **predikante en administrateur wat vroeg in Januarie 2009 verjaar**: Di Dirk du Toit en Anneke Viljoen (2 Januarie); dr Kobus Labuschagne (4 Januarie); dr Christo Pretorius en mnr Kobus Viljoen (5 Januarie); ds Hennie Louw (6 Januarie); di Ivan Katzke en Albert Minnaar (9 Januarie); ds Jan Kay (10 Januarie); en di Annerie Conradie, Dawie Jacobs en Debbie Lötter (12 Januarie).
- Die Nederlandssprekende gemeente in Pretoria, **Eben Haëzer**, is sedert die vertrek van **dr Adriaan Neele** deur die konsulent, ds André Strauss, bearbei. Dr Neele moes die land op kort kennisgewing verlaat omdat die dokumente vir sy werkpermit in Suid-Afrika nie in orde was nie. Hy het sedertdien in die VSA gewerk. Die gemeente het besluit om hom weer te beroep en die verwagting is dat hy die beroep sal aanvaar.
- Daar sal opnuut deur die ringskommissie van **Noord-Kaapland** aandag gegee word aan die bediening in die uitgestrekte ring na die vertrek van **ds Hennie Pretorius** uit die Kuruman-kombinasie na Kimberley. Ds Pretorius vertrek aan die einde van Januarie 2009. Die ringsvoorsitter, ds Hardie Kotzé, en die skriba, ds Frans Marais, doen tans die beplanning. Die Kuruman-kombinasie wil so gou moontlik beroep.
- **Ds Theuns Botha**, sy vrou en twee van sy kinders vertrek op 6 Desember na Zimbabwe. Hy lei op Sondag 7 Desember 'n Kerserediens in **Harare** en sal daarna 'n paar dae lank huisbesoek doen. Daarna vertrek hulle na **Bulawayo** waar hy op Sondag 14 Desember die erediens sal lei. Ook daar sal hy huisbesoek doen. Ds Botha doen die werk in sy vakansietyd.
- **Ds Thys Redelinghuys** en sy vrou vertrek die volgende week na **Harare** vir die gewone maandelikse besoek. Hulle neem onder meer Kersgeskenke vir gemeentelede en kinders saam. Gemeente Potgietersrus het 194 kg klein koekies gebak en pragtig verpak as geskenke aan elke huisgesin in Zimbabwe – dit sluit die NG lidmate van Bulawayo in. Virrie en Stella Harman, voormalige lidmate van die Kerk wat voorheen saam met ds Thys Redelinghuys besoek in Zimbabwe afgelê het, stuur ook Kersgeskenke saam vir die kinders van Zimbabwe.

- **Ds Riaan Botha** en 'n aantal van sy lidmate vertrek op Vrydag 5 Desember na **Bulawayo** met meer as R60 000 se kos, medikasie en kruidentersware wat in die omgewing van Steelpoort ingesamel is. Ds Botha sal die erediens op Sondag 7 Desember in Bulawayo lei. NG gemeentes en die hele gemeenskap van Steelpoort het bygedra tot die projek.



- Ds Martin Jansen van Rensburg van Gemeente Phalaborwa en konsulent van Kampersrus nooi predikante om in Desember in die omgewing van Hoedspruit, die Krugerwildtuin en Swadini vakansie te hou en terselfdertyd **teen vergoeding te preek in Kampersrus**. Verblyf is beskikbaar in die pastorie. Die dienste vanaf Sondag 7 Desember tot Sondag 28 Desember, en op Kersdag, moet waargeneem word. Die gemeente is naby Swadini geleë, en dagpermitte kan gereël word sodat die gesin kan gaan uitspan aan die voete van die Laeveld se Drakensberge. Skakel met die skriba, oudl Chris Joubert, by 083 289 0629.
- **Gemeente Laer Suidkus** benodig 'n predikant om die **Kersfees-erediens in Port Edward** waar te neem. Die tydgleuwe van die eredienste in Port Shepstone en Port Edward maak dit vir ds Jacques Pieterse onmoontlik om al drie eredienste waar te neem. Indien daar 'n predikant is wat vakansiehou aan die Hibiskuskus (suid van Hibberdene) en bereid is om die erediens om 08:00 waar te neem, skakel asseblief met ds Pieterse by 039 682 1059 of 082 458 4482.
- **Kersdag** word in **Kaapstad** eredienste gehou om 09:00 te Tygerberg, by ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord, en op Melkbosstrand, by die NHK-kerksentrum in Robbenweg (langs die Melkboskern). Samesang begin by albei plekke om 08:45. Vakansiegangers is hartlik welkom.
- Sondag 7 Desember is 'n **MIV-bewusmakingsgeleentheid**. In **Kaapstad** word die aanddiens daarvolgens ingerig en elkeen wat in die omgewing vakansie hou, is welkom. Die diens begin om 19:00.
- Op Dinsdag 16 Desember word 'n **Geloftediens** om 09:00 gehou by die **Tygerbergpreekpunt**, ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord. Kontak ds Kathleen Smith by 021 551 5264 vir verdere inligting oor enige van Kaapstad se beplande geleenthede.
- Die name en kontakinligting van alle **voornemende studente** van enige tersiêre instelling in **Bloemfontein** kan aan **dr Johan Nel** deurgegee word by 083 400 0267. Tydens registrasie sal die predikante en studentekerkraad ouers en studente ontmoet. Daar is ook 'n interkerklike aanbiddingsgeleentheid op Sondag 11 Januarie 2009 om 16:30 in die NG Studentekerk (Kovsiekerk), waar die predikante van die verskillende denominasies studente sal ontmoet.
- Die studentegemeente **Philadelphia** nooi al die **2009-eerstejaars** van die Universiteit van Pretoria na 'n Eerstejaarskamp van 10 tot 15 Januarie 2009 by Kwaggasrus naby Brits. Die koste is R595 vir die ses dae. Eerstejaars aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie kan ook die kamp meemaak. Kontak Rina by 072 416 8768 of Jean by 083 290 6191 vir meer besonderhede.
- **Eerstejaarstudente van Potchefstroom** word van 13 tot 16 Januarie 2009 op 'n Eerstejaarskamp by Serube Sa Phakwe verwelkom deur ds Rudi Denton en sy vrou Terzi. Skakel ds Denton by 018 294 3509 of 082 459 9710 vir meer inligting. Besprekings moet voor 6 Januarie 2009 geskied.
- **Eerstejaarstudente van Stellenbosch** word genooi na 'n kamp van Saterdag 17 Januarie 13:00 tot Woensdag 21 Januarie 11:00. Die koste is R300 vir die vier dae, alles ingesluit. Studente wat nie die kamp bywoon nie, skakel gewoonlik ook later nie by die gemeente in nie. Die kamp is dus belangrik vir studentebearbeiding. Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 / 021 887 2685, of Paul van der Merwe by 072 317 9784 vir meer inligting. Die name en kontakinligting van jongmense wat volgende jaar in Stellenbosch gaan studeer, kan ook aan ds Le Roux gestuur word.

## ADVERTENSIES

- **Gemeente Philadelphia** het kamers vir 2 studente beskikbaar in die woon-eenheid Fleur de Lis. Dit is op die kerkgronde geleë en is binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria. Die kamers is selfversorgings-eenhede. Die huur beloop R2 000 per maand. Navrae kan gerig word aan Lynette Lourens by 012 362 7237.
- Daar is **kamers te huur** in 'n luukse kommune naby Tukkies-kampus. Skakel ds Johannes Greyling by 082 490 1422.
- 'n **Tuinwoonstel** is te huur in **Rietondale**, Pretoria. Slegs vir 'n enkelpersoon werknemer of student wat die omgewing se rustigheid kan waardeer en handhaaf. Dit is geleë digby universiteite, Brooklyn en die middestad. Die enkelkwartiere bestaan uit kombuis/woon-/slaapvertrek met badkamer en oop stoep en met onderdakparkering. Geen troeteldiere word toegelaat nie. R1 800 per maand, water en ligte ingesluit. 'n Deposito van R1 800 is betaalbaar. Vir meer inligting, kontak Jan Oberholzer by [jan@nhk.co.za](mailto:jan@nhk.co.za), 012 322 8885 of 082 851 1081.
- 'n **Woonstel** is te **koop** wat ideaal is vir iemand wie se kinders in 2010 by Tukkies gaan studeer. Die blok woonstelle is nog nuut (voltooi in 2006), en daar is reeds 'n 2009-huurkontrak in plek. Die woonstelle is oorkant Hillcrest-koopsentrum en loopafstand van Tukkies. Dit is 'n uitstekende belegging en kan, nadat die kinders se studies afgehandel is, teen 'n goeie kapitale opbrengs verkoop word. Daar is 2 slaapkamers, elkeen met 'n balkon, blinders en veiligheidshekke. Oopplankkombuis met leefarea, 1 badkamer, en 1 onderdakparkeerplek en genoeg parkeerplek vir 'n tweede voertuig. Sekuriteitsomheining met toegangsbeheer. Prys R720 000. Kontak George Marais by 083 300 0554, 015 287 1251 (w) of faks 015 287 1258.

*Seniordal*  
Aftree-oord

*'n Tuiste vir selfversorgende bejaardes*

Kieserstraat 126, Rietondale, Pretoria

GEMEENSKAPSPROJEK van  
GEMEENTE PRETORIA

- \* 58 eenhede (1-slaapkamer-, 1 1/2-slaapkamer- en 2-slaapkamereenhede)
- \* Goeie ligging in Deernis/Rietondale
- \* Digby Ons Tuis, hospitale, middestad
- \* Skakel dr Paul de Beer, eiendomsbestuurder, by 082 975 7331





- **Oorwinningskinders** is 'n groep jong Hervormers wat konserte hou om fondse in te samel vir ander jong mense in nood. Kontak dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of mev Marita Fourie by 011 953 1402 vir optredes.
- Die **NHSV** hoofbestuur se resepteboek **Smul met smaak** is teen R100 beskikbaar van die NHSV kantoor. Skakel mev Jeanette Fourie by 012 325 0117 of 082 429 1565.
- Geniet egte Suid-Afrikaanse gasvryheid by **Das Kleine Wunder B&B in Centurion**. Dit is naby Centurion Mall (3 km), Centurion Lifestyle Centre (2 km) en Unitas-hospitaal (5 km). Besoek hulle webtuiste by [www.dkwbb.co.za](http://www.dkwbb.co.za), of skakel Elize Biewenga by 082 441 6906 of emerituspredikant ds Theuns Botha by 082 688 8955 of 012 663 2375.
- **Gutes Heim B&B Gastehuis** is een minuut vanaf Unitas-hospitaal en vyf minute vanaf Centurion se besigheidsdistrik, Supersport Park, en die Zwartkop-, Irene- en Centurion-gholfbaan. Dit is geleë in Cantomentsweg, Lyttelton. Kontak die gasvrou, Denise, by tel 012 664 2803 / [niesie.engelbrecht@gmail.com](mailto:niesie.engelbrecht@gmail.com). Hulle webadres is [www.gutesheim.co.za](http://www.gutesheim.co.za).
- **Op pad Kaap toe in Desember?** Dan is **De Voor Gasteplaas by Colesberg** 'n moet! 'n Nag se oorstaan of somer 'n volbloed uitspan kan die lang pad baie korter maak. Kom geniet armsvol weelde in die Bo-Karoo by Christa en Andries Breytenbach. Tel 012 348 1003, 072 401 5464 of 051 753 1377 (laasgenoemde gedurende die vakansie).
- 'n Skoon, volledig toegeruste **uitsigwoning** (oor see, strandmeer en gholfbaan) is beskikbaar in die pragtige en veilige **Gansvallei-oord, Plettenbergbaai**, van 15 Desember tot 2 Januarie. Daar is 2 slaapkamers en 2 badkamers, vir 'n maksimum van 6 persone. Skakel Nettie du Toit by 084 517 6877, en sien [www.goosevalley.net](http://www.goosevalley.net) vir meer besonderhede.

## ANDER NUUS

- **Prof Andries van Aarde** het pas teruggekeer van 'n besoek aan Boston in die VSA, waar gesprek gevoer is oor teologiese opleiding. Prof Ernest van Eck het ook 'n lesing aangebied in Boston, en keer eersdaags terug uit die buiteland.
- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind elke jaar by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 012 420 5393, faks 012 420 4303, e-pos [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za). Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 30 April.
- Op verskeie plekke word vanjaar **Geloftefeeste** by feesterreine en by kerkgeboue gevier. In die omgewing van Akasia/De Wildt vind die fees reeds vanaf 07:00 by die Jopie Fourie-terrein plaas. Meer besonderhede kan van Pierre Fourie by tel 082 929 4788 verkry word. Die meeste gemeentes van die Kerk hou eredienste in hulle kerkgebou. Die NG gemeente Rietfontein-Suid, hv 16de Laan en Ben Swartstraat, nooi ook almal uit na die eredienste wat om 08:00 in hulle kerkgebou gehou sal word.
- Die Moderamen onder leiding van sy visevoorsitter, dr Daan van Wyk, het op Saterdag 29 November 'n geslaagde gesprek met die Moderamen van die **Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC)** gehad. Drie ouderlinge van die Kommissie, naamlik Johan Steyn, Jan Oberholzer en Freda Wilkens, was ook teenwoordig. Drr Wim Dreyer en Wilhelm Coetzer het belangrike bydraes tot die gesprek gelewer. Die verhouding tussen die twee kerke is ontspanne en daar is wedsyds groot begrip vir onderlinge probleme. Daar sal met memoranda van albei kerke opnuut gekyk word na maniere waarop die twee kerke nouer met mekaar kan saamwerk. Daar is veral groot dankbaarheid by die MRCC vir die subsidie en ondersteuning wat van die NHKA ontvang word.
- Die Kategeseboekekommissie onder leiding van dr Hannes Beukes het hard gewerk om die **nuwe graad 3-kategeseboeke** in 2009 gereed te hê. Die boeke (vir die kind én vir die kategeet) is reeds in 'n gevorderde stadium, maar sal waarskynlik eers teen die einde van Februarie 2009 in gedrukte vorm beskikbaar wees. Gemeentes word vriendelik gevra om vir die eerste paar weke van die jaar van die bestaande kategesemateriaal gebruik te maak. Daar behoort steeds genoeg tyd in die jaar oor te wees om die nuwe graad 3-leerplan deur te werk. Die nuwe kategeseboeke bied veel meer as net 'n kategeseles, want dit maak ook voorsiening vir selfdoenaktiwiteite en vir kort dagstukkies wat ouers daaglik saam met hulle kinders kan lees. Die dagstukkies sluit by die voorafgaande Sondag se les aan, en help so om die kinders se kennis, gesindheid en vaardighede algaande verder te ontwikkel.



Prof Andries van Aarde



Dr Jan Oberholzer

## Die Almanak en Bybelse Dagboek is hier!

Die *Almanak* en die *Bybelse Dagboek* vir 2009 het pas verskyn en is reeds deur verskeie gemeentes ontvang. Predikante of lidmate wat besoek in Pretoria aflê, kan hul gemeentes se boeke by die Kerkkantoor kom afhaal. Skakel asseblief vooraf met dr Wouter van Wyk om reëlings te tref.


Die jaarboek is vanjaar 'n treffer. Die *Almanak* en die *Bybelse Dagboek* is as omkeerpublikasies aan mekaar verbonde, en toon daarom elkeen sy selfstandigheid. Met die bekwame leiding van die nuwe redakteur, ds Kálmán Papp, is die *Almanak* besonder gebruikersvriendelik gemaak. Vir die eerste keer is die besonderhede van beroepafwagende predikante ook nou daarin opgeneem.

Die redaksiespan van die *Bybelse Dagboek*, onder leiding van die redakteur, ds Piet van der Merwe, het vroeg vanjaar al hulle teks gereed gehad, met bydraes van skrywers van oor die hele spektrum van die Kerk – emerituspredikante, dosente, vrouepredikante en jong beroepafwagendes laat hulle stemme hoor in hierdie dagboek.

SENTIK se personeel is baie trots op hierdie spogprodukt. Dit was die eerste groot taak van mej Francis Coertse, die grafiese ontwerper, wat saam met mev Tessa Oppermann vir die formele versorging verantwoordelik was. Die ontvang en uitdeel van die boeke was die rugbreekwerk van mev Cecile Naudé en haar assistent vir die taak, Andrea Barnard. Kyk op die foto hoe vriendelik hulle steeds gebly het! Die ander foto wys ds Willem Sauer, een van die redaksielede van die *Almanak*, wat die ring van Zeerust se boeke by die Kerkkantoor kom haal het.



Cecile Naudé  
en Andrea Barnard



Ds Willem Sauer

## Die e-Hervormer se redaksiespan groet

Hierdie is die laaste *e-Hervormer* van 2008. Die eerste uitgawe van 2009 sal op 15 Januarie verskyn.

Die redaksiespan wens al ons lesers 'n stil en rustige Kerstyd toe. Mag daar baie vreugde en diep vrede wees, omdat ons weet wat dié tyd werklik beteken. Smee nuwe vriendskapsbande, knap verslete bande op, bly saamgebind deur die liefde van Christus.

Die eerste nuus word uitgestuur deur dr Fanie Pretorius; die teks word saamgestel deur mev Tessa Oppermann; die uitleg neem vorm aan by mej Francis Coertse; die inhoud word beoordeel en goedgekeur deur prof Piet Geyser (redakteur), dr Gerhard Lindeque (subredakteur) en dr Wouter van Wyk (sekretaris: SENTIK); en die afgeronde konsep word versprei deur mev Karen Breedt.

